



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NATIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2014

MEMORANDUM

LIMPOPO

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepeenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word net die rede/motivering/aanhaling bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is, by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

VRAAG 1**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.1	betaal	1	3
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Om (die beeste) te ruil.✓ • Om te slag/vir kos/om te eet.✓ • (Hulle gebruik die beeste) om swaar vragte te trek.✓ 	3	1
1.3	(Goud) verkleur/roes nie.	1	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • papier, parfuim en speserye. • C papier, parfuim en speserye. (Enige EEN)	1	3

1.5	(Die mense het dit) in hulle kos/vir medisyne gebruik.	1	1
1.6	(Van) silwer	1	1
1.7	“oor baie jare heen ontwikkel” (Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)	1	2
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • D • euro • D euro (Enige EEN)	1	3
1.9.1	(Die) Rand/rand	1	1
1.9.2	(In) 1961	1	1
1.9.3	<ul style="list-style-type: none"> • (Suid-Afrika het toe) ’n republiek geword. • (Suid-Afrika) het in daardie jaar ’n republiek geword. • (Suid-Afrika) het in 1961 ’n republiek geword. (Enige EEN)	1	2
1.10	<ul style="list-style-type: none"> • Kaapstad, ✓ want Tafelberg/die Parlementsgebou is daar. ✓ • Johannesburg, ✓ want daar is goud/dit is die rykste provinsie. ✓ • Durban, ✓ want die toeriste gaan daarheen/dit is bekend vir mooi strande. ✓ • Pretoria, ✓ want die Uniegebou/Oudpresident Mandela se groot standbeeld is daar. ✓ (Of soortgelyk) (Een punt vir die voorstel en die tweede punt vir die motivering.)	2	4
1.11	Onwaar (verdien nie ’n punt nie) Die kandidaat kan geen punt vir die motivering verdien indien WAAR as antwoord gegee is nie. <ul style="list-style-type: none"> • “In Februarie 2013 het ons ’n nuwe stel banknote begin gebruik, maar die ou note mag ook nog gebruik word”. (Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.) (Kandidaat hoef nie die hele sin aan te haal nie.)	1	3
1.12	Randelas is afgelei van: <ul style="list-style-type: none"> • Die rand, wat Suid-Afrika se geldeenheid is. ✓ • Mandela wie se gesig op die note gedruk is. ✓ OF <ul style="list-style-type: none"> • Woordspeling met rand ✓ EN Mandela. ✓ (Of soortgelyk)	2	3

1.13	<p>JA:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit gee erkenning aan Nelson Mandela. • Dit verewig Mandela se lewe en werk. • Mandela is 'n ikoon. • Mandela word beskou as die "vader" van ons nasie. (Of soortgelyk) <p>NEE:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sekere mense mag hierdie note gebruik om vir slegte dinge te betaal, bv. vir dwelms. • As mense hierdie note vir slegte dinge gebruik, sal dit Mandela se naam oneer aandoen. • Ek het nie saamgestem met alles wat hy gedoen het nie. (Of soortgelyk) 	1	4
1.14	<ul style="list-style-type: none"> • B • namaak • B namaak (Enige EEN) 	1	3
1.15	<p>Daar is 'n - watermerk,</p> <p>- spesifieke nommers</p> <p>- ('n stel) klein kolletjies op die note.</p> <p>(Enige TWEE) <i>(Kandidate kan enige TWEE dinge noem of dit in 'n sin weergee.)</i></p>	2	1
1.16	na	1	3
1.17	<ul style="list-style-type: none"> • C • kan dinge wat hulle wil hê van die huis af bestel en betaal. • C kan dinge wat hulle wil hê van die huis af bestel en betaal. <p>OF</p> <ul style="list-style-type: none"> • D • het nie meer kontant of 'n kredietkaart nodig vir hulle inkopies nie. • D het nie meer kontant of 'n kredietkaart nodig vir hulle inkopies nie. (Enige EEN) 	1	3
SUBTOTAAL:		24	

TEKS B: VISUELE TEKS

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.18	Volgraan	1	3
1.19	<ul style="list-style-type: none"> • Broccoli/Patats 	1	3
1.20	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is kos met 'n hoë vetinhoud. • Hoender is baie vetterig. • Hoender bevat baie vet. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
1.21	<ul style="list-style-type: none"> • Die teken wys dat daar stoom uit die beker trek. • (Daar trek) stoom uit die beker. • Daar is merkies/strepies/n teken bo die beker. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
1.22	<ul style="list-style-type: none"> • Dit val in die GOED-kategorie kossoorte/dis goeie kos/gesonde kos. • Die toebroodjie met sardyne en 'n glas lemoensap gee vir my energie en verbeter my konsentrasie. • Dit help my om te konsentreer. • Dit gee vir my energie. • 'n Burger en 'n koppie koffie gee vir my minder energie. • 'n Burger en 'n koppie koffie verbeter nie my konsentrasie nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
1.23	<p>JA:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit is maklik om prentjies te lees. • Dit vat nie lank om prentjies te lees nie. • 'n Mens sukkel nie met die betekenis van woorde nie. • Prentjies trek dadelik die leser se aandag. • Mense wat nie kan lees nie, kan ook visuele tekste verstaan. <p>NEE:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die prentjies is nie altyd duidelik nie. • 'n Mens leer dan nooit om te lees nie. • 'n Mens se woordeskat ontwikkel nie. • 'n Teks gee meer inligting as prentjies. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
SUBTOTAAL: 6			
TOTAAL AFDELING A: 30			

Barrett se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 5	Waardering	6	20%	20%
Vlak 4	Evaluering			
Vlak 3	Afleiding	12	40%	40%
Vlak 2	Herorganisasie	12	40%	40%
Vlak 1	Letterlik			

AFDELING B: OPSOMMING

NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Punttoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.**
 - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- Tel van woorde:
 - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
 - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

VRAAG 2: KENMERKE VAN DIE AFRIKA-OLIFANT[Verwerk uit: *Sien Suid-Afrika Visuele feite*]

	TEKS	VERWAGTE ANTWOORDE
1.	Die Afrika-olifant is die grootste landsoogdier. Dit is een van Suid-Afrika se "Groot Vyf". Baie mense besoek ons land juis om die olifante te sien.	Die Afrika-olifant is die grootste soogdier op land.
2.	'n Mens se brein weeg ongeveer 1,5 kg. Die Afrika-olifant se brein kan tussen 4,3 en 5,4 kg weeg.	Die Afrika-olifant se brein kan van 4,3 tot 5,4 kg weeg./Die Afrika-olifant se brein weeg meer as 'n mens s'n.
3.	Leeus en renosters is ook groot, sterk diere, maar hulle ore is nie baie groot nie. Dis beslis nie so groot soos die Afrika-olifant se ore wat 1,83 m lank is nie.	Die Afrika-olifant se ore is baie groot./ Die Afrika-olifant se ore is 1,83m lank.
4.	Twee van die Afrika-olifant se 26 tande groei uit as lang, buitenste tande. Baie olifante word deur stropers doodgemaak omdat hulle hierdie tande wil verkoop.	Die Afrika-olifant het 26 tande./ Die Afrika-olifant het twee lang tande (wat na buite groei.)
5.	Alle olifante se slurpe is eintlik verlengde neuse. Hierdie slurpe kan iets so klein soos 'n grondboontjie of so groot soos 'n 100 kg-stomp optel. Olifante gebruik hulle slurpe om water te drink en om bome uit te trek. Die Afrika-olifant spog met 'n slurp van tot 1,5 m lank.	Die Afrika-olifant se slurp kan tot 1,5m lank wees.
6.	Olifante het baie groot pote. Die Afrika-olifant het 'n ovaal agterpoot en 'n ronde voorpoot. 'n Mens kan nie olifante se tone duidelik sien nie.	Die Afrika-olifant se agterpoot is ovaal/ die voorpoot is rond.
7.	Net soos baie ander diere, het olifante ook 'n klossie hare aan die punt van hulle sterte. Wie sou kon raai dat die Afrika-olifant se stert tot 11 kg kan weeg?	Die Afrika-olifant se stert kan tot 11 kg weeg.
	GETAL WOORDE = 206 woorde (Disjunktief: ±200 woorde)	GETAL WOORDE: 63 woorde (50-60/65 maksimum)

Barrett se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 5	Waardering	2	20%	20%
Vlak 4	Evaluering			
Vlak 3	Afleiding	4	40%	40%
Vlak 2	Herorganisasie	4	40%	40%
Vlak 1	Letterlik			

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:

- Een-woord-antwoorde moet korrek gespel word.
- By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
- Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is by 'n meervoudigekeuse-vraag.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
3.1	<ul style="list-style-type: none"> • vinnige • maklike 	2	3
3.2	<ul style="list-style-type: none"> • Punt: Volg net twee eenvoudige stappe. • Uitroepteken: Volg net twee eenvoudige stappe! • Beletselteken: Volg net twee eenvoudige stappe ... • Dubbelpunt: Volg net twee eenvoudige stappe: (Enige EEN) 	1	2
3.3	<ul style="list-style-type: none"> • C • Koppelteken • C Koppelteken (Enige EEN) 	1	1
3.4	re – gis – treer	1	3
3.5	bel	1	2
3.6.1	jou/Jou (Enige EEN)	1	3
3.6.2	elektroniese	1	2

3.7	Dit is 'n mening, ... <ul style="list-style-type: none"> want dis die adverteerder wat so dink. almal stem nie noodwendig saam met die adverteerder nie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
3.8	<ul style="list-style-type: none"> Die advertensie is gerig op ALLE mense (wat Gauteng se paaie gebruik). Die advertensie is vir almal bedoel. (Enige EEN of soortgelyk)	1	5
SUBTOTAAL: 10			

VRAAG 4: SPOTPRENT

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
4.1	probleempie <i>(die spelling moet korrek wees)</i>	1	1
4.2	veertien <i>(die spelling moet korrek wees)</i>	1	2
4.3	regterskouer	1	1
4.4	<ul style="list-style-type: none"> Wie gaan volgende jaar skool toe? <i>(Vraagteken moet daar wees om die punt te verdien.)</i> 	1	3
4.5	Ek sal hard leer omdat ek wil slaag.	1	3
4.6	<ul style="list-style-type: none"> Jan se rapport is deur die skoolhoof geteken. Jan se rapport is geteken deur die skoolhoof. (Enige EEN)	1	4
4.7	<ul style="list-style-type: none"> Jan se ma se oë is groot gerek. Jan se ma swaai/waai met haar hand. Jan se ma se hand bewe. Jan se ma se mond is afgetrek. Jan se ma se kop ruk agteroor. Daar is merke/sweet rondom haar kop. Die uitdrukking op haar gesig. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
4.8	figuurlike	1	3
4.9	Ma sê vir Jan dat hy ✓ harder moet werk.✓	2	3
SUBTOTAAL: 10			

VRAAG 5**5.1: LEESTEKS**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.1.1	moeilike/harde	1	2
5.1.2	kinderjare	1	2
5.1.3	Die deur is toe . Nee man, moenie toe wees nie. Ek gaan skool toe . Toe, toe maak gou! <i>(Enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is, m.a.w. nie "oop" nie.)</i>	1	4
5.1.4	km <i>(Geen punt na afkorting nie en nie hoofletter nie.)</i>	1	2
5.1.5	daarmee	1	2
5.1.6	As ons 'n eier wou bak, moes ons toestemming vra .	1	3
5.1.7	Ma het die eiers verkoop . <i>(Die het en verkoop moet korrek en ook in die korrekte posisie wees vir die punt.)</i>	1	3
5.1.8	lig	1	2
5.1.9	<ul style="list-style-type: none"> • Kruideniersware • kruideniersware <i>(Die spelling moet korrek wees.)</i>	1	3
5.1.10	koue	1	2
5.1.11	Water om in te bad, is in 'n groot kastrol gekook. <i>(Aanvaar ook "Water om in te bad")</i>	1	2
5.1.12	televisie	1	1
5.1.13	peperduur <i>(Die spelling moet korrek wees.)</i>	1	2
5.1.14	<ul style="list-style-type: none"> • Mense het nie tyd vir mekaar nie. • Mense het nie vir mekaar tyd nie. (Enige EEN) <i>(Neem nie spelling in ag nie, dubbel "nie" vir die punt.)</i>	1	3
SUBTOTAAL: 14			

5.2: PRENT

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.2.1	koerant	1	3
5.2.2	<ul style="list-style-type: none"> • B • Nandi het hard gewerk; daarom het sy matriek geslaag. • B Nandi het hard gewerk; daarom het sy matriek geslaag. (Enige EEN) 	1	3
5.2.3	Jy	1	2
5.2.4	Hoera	1	3
5.2.5	agter	1	3
5.2.6	<ul style="list-style-type: none"> • B • stereotipering. • B stereotipering. (Enige EEN) 	1	4
SUBTOTAAL:		6	
TOTAAL AFDELING C:		40	

Bloom se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 6	Sintese Evaluering	6	14%	20%
Vlak 5				
Vlak 4	Analise Toepassing	17	43%	40%
Vlak 3				
Vlak 2	Begrip Kennis	17	43%	40%
Vlak 1				

AFDELING D: LETTERKUNDE**BLADSAK****VRAAG 6****VERHAAL A: KONING LEEU SE GESKENKE – Pieter W Grobbelaar**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.1	<ul style="list-style-type: none"> Dit was wet. Die diere mag vir Koning Leeu niks geweier het nie. Die diere was bang vir hom. Leeu was die koning. (Enige EEN) 	1	1
6.2	<ul style="list-style-type: none"> Sy het van eet gehou. Sy het van kos gehou. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
6.3	<ul style="list-style-type: none"> Sy (Boerbok se vrou) was die enigste bokvrou wat graag partytjie toe wou gaan, (die ander het gebly). Sy het 'n baard gekry. (Enige EEN) 	1	3
6.4	<ul style="list-style-type: none"> B 'n vergelyking. B 'n vergelyking. (Enige EEN) 	1	3
6.5	Renoster	1	1
6.6.1	<ul style="list-style-type: none"> C het niks daarvan gehou dat die diere moes gryp nie. C 'n niks daarvan gehou dat die diere moes gryp nie. (Enige EEN) 	1	3
6.6.2	<ul style="list-style-type: none"> D het sommer 'n paar wit horings met sy mond gegryp. D 'n paar wit horings met sy mond gegryp. (Enige EEN) 	1	3
6.6.3	<ul style="list-style-type: none"> A was bang dat Perd en Koei die beste geskenke sou kry. A 'n paar was bang dat Perd en Koei die beste geskenke sou kry. (Enige EEN) 	1	3
6.6.4	<ul style="list-style-type: none"> E se klere is gesteel. E 'n paar se klere is gesteel. (Enige EEN) 	1	3

6.7	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Kalbas veldmedisyne • 'n Kalbas • Veldmedisyne (Enige EEN) 	1	1
6.8	<ul style="list-style-type: none"> • Leeu het al die diere na die partytjie genooi. • Leeu het die heuningpot skoongelek. • Leeu het geskenke uitgedeel. • Leeu het kwaad geraak, want almal het vorentoe gedruk om die beste te kry. 	1 1 1 1	2 2 2 2
6.9	Muishond	1	1
6.10	sterte	1	3
6.11	<ul style="list-style-type: none"> • B • Wees betyds vir 'n byeenkoms. • B Wees betyds vir 'n byeenkoms. (Enige EEN) 	1	3
6.12	<ul style="list-style-type: none"> • Leeu het besluit wie watter geskenk moes kry. • Jy moet dankbaar wees vir wat jy kry. • Wolf was ongeskik/ongemanierd om sy eie geskenk uit te soek. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
6.13.1	<ul style="list-style-type: none"> • Koning Leeu was 'n goeie koning. • Koning Leeu het vir sy diere omgee. (Enige een of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> <ul style="list-style-type: none"> • Koning Leeu was onregverdig. • Koning Leeu was nie 'n goeie koning nie. • Koning Leeu het nie regtig vir sy diere omgee nie. (Enige een of soortgelyk) 	1	5
6.13.2	<ul style="list-style-type: none"> • Koning Leeu het vir sy diere geskenke gegee. • Koning Leeu het vir Koei en Perd meer as een pak klere gegee. • Koning Leeu het vir Kameelperd 'n lang nek gegee om sy vyande van ver af te sien aankom. • Koning Leeu het nie die ander diere geëet nie. (Enige een of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> <ul style="list-style-type: none"> • Koning Leeu het vir die diere geskenke gegee wat nie by hulle pas nie. • Koning Leeu het Renoster se horing op sy neus gesit. • Koning Leeu het Olifant se horings in sy mond laat vassit. (Enige een of soortgelyk) <p>LET WEL: Die antwoord in 6.13.1 en 6.13.2 moet bymekaar aansluit.</p>	1	5
		[20]	

EN**VERHAAL B: OUPA JOB KOM TERUG – Cecilia Kruger**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.14	(In) Egipte	1	1
6.15	stories	1	3
6.16	Oupa Job/Job Masego	1	1
6.17.1	<ul style="list-style-type: none"> • C • het die kinders geleer van die belangrikheid van museums. • C het die kinders geleer van die belangrikheid van museums. (Enige EEN) 	1	3
6.17.2	<ul style="list-style-type: none"> • E • het gedink Afrikoed pas nie in 'n museum nie. • E het gedink Afrikoed pas nie in 'n museum nie. (Enige EEN) 	1	3
6.17.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • het geweet hoe belangrik dit was om dinge te bewaar. • A het geweet hoe belangrik dit was om dinge te bewaar. (Enige EEN) 	1	3
6.17.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • het gevoel 'n museum was 'n veilige plek vir die medaljes. • B het gevoel 'n museum was 'n veilige plek vir die medaljes. (Enige EEN) 	1	3
6.18	Hy (Simon se oupa) het sy medaljes in 'n trommeltjie/veilige plek gebêre.	1	3
6.19	<ul style="list-style-type: none"> • D • Hy kon nie glo wat hy hoor nie. • D Hy kon nie glo wat hy hoor nie. (Enige EEN) 	1	3
6.20	Ek sou vir almal vertel het wat my oupa gedoen het. (Of soortgelyk)	1	4
6.21	Duitsland	1	1
6.22	<ul style="list-style-type: none"> • Die skip het ontplof. • Die skip is opgeblaas. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1

6.23	<ul style="list-style-type: none"> Oupa Job het 'n blikkie met geweerkruit volgemaak. Oupa Job het 'n blikkie tussen die dromme neergesit. Oupa Job het 'n lang tou in die blikkie gesit en die ander punt by die deur van die stoor. Oupa Job het die tou aan die brand gesteeek en die deur toegemaak. 	1 1 1 1	2 2 2 2
6.24	<ul style="list-style-type: none"> C Bewaar voorwerpe vir die nageslag. C Bewaar voorwerpe vir die nageslag. (Enige EEN) 	1	3
6.25	<ul style="list-style-type: none"> Jy ken nie jou familie nie. Jy voel dat jy nêrens hoort nie. Jy ken nie jou geskiedenis nie. Jy ken nie jou voorgeslagte nie. (Enige TWEE of soortgelyk) 	2	5
6.26	<ul style="list-style-type: none"> Oupa Job het deur die geskiedenis teruggekom. Simon het baie van sy oupa se heldedaad geleer. Die uitstalling in die museum het Oupa weer lewendig gemaak. (Enige EEN of soortgelyk) 	1 [20]	4

Barrett se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 5	Waardering	4	20%	20%
Vlak 4	Evaluering			
Vlak 3	Afleiding	8	40%	40%
Vlak 2	Herorganisasie	8	40%	40%
Vlak 1	Letterlik			

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 120